SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2016

## GRAAD 10

## EKONOMIE

## (VRAESTEL 2)

## MEMORANDUM

**18 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(VRAESTEL 2)**

**MEMORANDUM**

---

**AFDELING A**
**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

1.1.1 C waarde ✓✓
1.1.2 A konstante ✓✓
1.1.3 A inkomste ✓✓
1.1.4 A nut ✓✓
1.1.5 C verskillende kombinasies van goedere en dienste in volgorde van voorkeure te rangskik. ✓✓

(5x2) (10)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 F ✓ ('n Paar verkopers beheer die mark)
1.2.2 A ✓ (Toon alternatiewe kombinasies van goedere wat 'n verbruiker teen gegewe pryse met 'n gegewe inkomste kan koop)
1.2.3 D ✓ ( Belasting wat gehef word op goedere wat die staat as onwenslik beskou)
1.2.4 G ✓ ('n Studie van die gedrag van individuele besluitnemingseenhede)
1.2.5 C ✓ (Afspeling tussen twee produkte)
1.2.6 B ✓ (Deur die regering verskaf)

(6x1) (6)

1.3 **TERMINOLOGIE**

1.3.1 Mark ✓
1.3.2 Optimale verbruik / Optimum punt / Ewewigspunt ✓
1.3.3 Substituutprodukte ✓
1.3.4 Openbare goedere ✓

(4x1) (4)
**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B

Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 **Beantwoord die volgende vrae:**

2.1.1 **Noem enige TWEE redes vir die bestaan van onvolmaakte markte.**

- Daar is net een groot verskaffer of 'n paar groot verskaffers. ✓
- Goedere en dienste is uniek en daar is nie 'n substituut nie. ✓
- Toegang tot die mark is beperk. ✓
- Onvolledige inligting omtrent marktoestande. ✓

(Enige 2x1) (2)

2.1.2 **Beskryf kortliks die konsep van *gemeenskaplike goedere*.**

Goedere wat nie aan iemand spesifiek behoort nie. ✓✓ (2x1) (2)

2.2 **Data respons**

2.2.1 **Watter diens het die grootste bedrag ontvang volgens die diagram?**

Ekonomiese sake en Landbou ✓ (1)

2.2.2 **Hoeveel het die regering aan welsynsdienste in die 2016/17 begroting spandeer?**

R167,5 Mjd ✓ (1)

2.2.3 **In 2016/17 was die totale owerheidsbesteding R1 463,30 Mjd. Bereken die persentasie wat op welsynsdienste spandeer is. (Toon ALLE berekeninge)**

$\frac{\text{R167,5 Mjd} ✓}{\text{R1 463,30 Mjd}} \times 100\%$ ✓

= 11,45% / 11,5% ✓✓ (4)

2.2.4 **Wat is die doel van welsynstoelaes?**

- Verskaffing van 'n minimumvlak van sosiale sorg aan behoeftiges.
- Om die armes se inkomste aan te vul.

(Aanvaar enige relevante antwoord.) (2x2) (4)

**2.3 Data respons**

2.3.1 **Watter tipe mark word in bogenoemde spotprent uitgebeeld?**

Monopolie ✓ / Onvolmaakte mark ✓ (1)

2.3.2 **Gee 'n voorbeeld van so 'n mark in Suid-Afrika.**

- Eskom ✓
- Telkom ✓
- Transnet ✓
- DSTV✓ (Enige 1x1) (1)

2.3.3 **Noem TWEE ander markstrukture behalwe vir die een in Vraag 2.3.1 genoem.**

- Monopolistiese mededinging ✓
- Oligopolie ✓
- Volmaakte mark✓ (Enige 2x1) (2)

2.3.4 **Gee 'n rede vir jou antwoord in Vraag 2.3.1.**

- Hy is die enigste bakker op die dorp. ✓✓
- Het die monopolie van die bakkery. ✓✓

(Bevoordeel leerder as rede relevant is tot antwoord in 2.3.1)
(Aanvaar enige ander relevante eienskap van 'n monopolie)
(Enige 1x2) (2)

2.3.5 **Verduidelik hoe 'n tweede bakkery die dorp se inwoners sal bevoordeel.**

- Groter verskeidenheid produkte. ✓✓
- Verbeterde kwaliteit. ✓✓
- Meer effektiewe diens. ✓✓
- Verhoog mededinging ✓✓
- Laer pryse✓✓


(Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Enige 2x2) (4)

**2.4 Verduidelik wat bedoel word met *pareto doeltreffendheid* en hoe dit verband hou met *produktiewe – en allokeringsdoeltreffendheid*.**

- Pareto doeltreffendheid kom voor wanneer dit nie moontlik is om die bestaande allokering van hulpbronne so te verander dat iemand beter daaraan toe is sonder dat iemand slegter daaraan toe is nie.
- Pareto-doeltreffendheid word ook Pareto-optimaliteit genoem en dus wanneer produktiewe en allokeringsdoeltreffendheid gelyktydig bereik word. ✓✓
  Dit is 'n kombinasie van:
- **Produktiewe doeltreffendheid** – kom voor wanneer dit moontlik is om meer van een item te produseer sonder om minder van 'n ander item te produseer. ✓✓
- Om hierdie ekonomiese doeltreffendheid te bereik, moet produsente die vermorsing van hulpbronne voorkom. ✓✓
- **Allokeringsdoeltreffendheid** – kom voor wanneer die gebruik van hulpbronne verbruikers se smake en voorkeure weerspieël. ✓✓

(Enige 4 x 2) (8)

2.5 **Met behulp van 'n grafiek, illustreer hoe 'n subsidie op melk die melk-produsent en die verbruiker sal beïnvloed.**




*Die effek van 'n subsidie op die voorsiening*

**Allokering van punte:**
- 1 punt vir benoeming van asse Prys/Hoeveelheid
- 1 punt vir nommering van asse
- 1 punt vir Aanbodkurwe
- 1 punt vir Vraagkurwe
- 1 punt vir aanduiding van subsidie

(Maks 4)

- ’n Subsidie wat direk aan die produsent betaal word verlaag produksiekoste. ✓✓
- Die aanbod van melk sal toeneem ($Q_1$) en die prys sal afneem ($P_1$) ✓✓
- Verbruikers baat by die prysdaling. ✓✓
- Hulle verbruik meer teen ’n laer prys. ✓✓
- Produsente baat by die prysstyging van **P** na **$P_2$** en lewer nou meer melk teen ’n hoër prys. ✓✓

(Maks 4) **[8]**

**[40]**

**VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE**

3.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

3.1.1 **Noem enige TWEE gevolge van produktiewe ondoeltreffendheid.**

- Onvolmaakte markte ✓
- Eksternaliteite ✓
- Gemeenskaplike goedere ✓
- Ondoeltreffende gebruik van hulpbronne✓
- Ongelyke geleenthede en armoede✓
- Onstabiliteit, werkloosheid, inflasie✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Enige 2x1) (2)

3.1.2 **Hoe sal 'n verhoging van sondebelasting die prys van sigarette beïnvloed?**

Die prys sal styg/verhoog en sigarette word duurder. ✓✓ (1x2) (2)

3.2 **Data respons**


3.2.1 **Teen watter prys is beide kopers en verkopers gelukkig?**

R10 000 ✓ (1)

3.2.2 **Wat word hierdie prys genoem?**

Ewewigsprys ✓/ markprys ✓ (Enige 1) (1)

3.2.3 **Teken 'n vraag- en aanbodkurwe op dieselfde assestelsel.**




| **Toekenning van punte:** |
|---|
| • 1 punt vir benoeming van asse Prys/Hoeveelheid |
| • 1 punt vir nommering van asse |
| • 1 punt vir Aanbodkurwe |
| • 1 punt vir Vraagkurwe |
| • 1 punt vir Ewewigspunt |
| (Maks 4) |

3.2.4 **Noem enige TWEE faktore wat die vraag na kragopwekkers sal, verhoog.**

- Styging in die vlak van verbruikersinkomste ✓✓
- Styging in die prys van 'n plaasvervanger produk✓✓
- Daling in die prys van 'n komplementêre item ✓✓
- Toename in die grootte van die bevolking✓✓
- Behoefte by verbruikers om meer te koop as gevolg van: ✓✓
- 'n Verandering in smake / kragonderbrekings / klimaatstoestande / advertensies ✓✓

(Enige ander relevante voorbeeld) (Enige 2x2) (4)

3.3 **Data respons**

3.3.1 **Wat is die doel van die produksiemoontlikheidskurwe?**

Dit toon watter kombinasie van twee verskillende goedere of dienste met beperkte aanbod van produksiefaktore geproduseer kan word. ✓✓ (2)

3.3.2 **Hoeveel appels kan geproduseer word indien al die hulpbronne gebruik word om appels te produseer?**

600 appels ✓✓ (2)

3.3.3 **Is produksie by Punt H moontlik? Motiveer jou antwoord.**

- Nee ✓
- Punt H dui op 'n onhaalbare kombinasie van appels en suurlemoene as gevolg van die beperking van die skaarsheid van die produksiefaktore. ✓✓
- Punt H illustreer die konsep van skaarsheid.
  (Enige relevante antwoord)

(Maks 3)

3.3.4 **Watter punt dui ondoeltreffendheid aan? Motiveer jou antwoord.**

- Punt W ✓
- Produksie links van die produksiemoontlikheidskurwe is moontlik maar dit impliseer dat skaars hulpbronne ondoeltreffend gebruik word. ✓✓ (3)

3.4 **Bespreek kortliks enige TWEE funksies van markte.**

**Bring vraag en aanbod bymekaar**

- Markte is die interaksie tussen verbruikers en produsente om pryse te beding en goedere en dienste te verhandel.
- Omdat markte kontak tussen verbruikers en produsente skep, is dit in markte waar vraag en aanbod bymekaar uitkom. ✓✓
- Deur die interaksie van vraag en aanbod word pryse bepaal. ✓✓
- Daarom vervul markte 'n prysvormingsfunksie. ✓✓

**Toekenning van hulpbronne**✓

- Markpryse is rigtinggewend vir die ekonomiese besluite van verbruikers en produsente. ✓✓
- Produsente oorweeg die relatiewe pryse van goedere en dienste voordat hulle besluit wat, hoe en vir wie om te produseer. ✓✓
- Produsente neem hierdie besluite met die doel om hulle winste te maksimeer. ✓✓
- Verbruikers oorweeg weer die relatiewe pryse en dienste voordat hulle besluit hoe om hul geld te spandeer. ✓✓
- Verbruikers neem hierdie besluit met die doel om hulle nut te maksimeer✓✓.
- Winsmaksimering en nutmaksimering lei tot doeltreffende allokering van hulpbronne. ✓✓
- Markte vervul dus die funksie om hulpbronne doeltreffend te allokeer. ✓✓

**Markte het 'n selfregulerende funksie** ✓

- Pryse word deur die kragte van vraag en aanbod bepaal. ✓✓
- Markte verg geen direkte inmenging of beheer deur eksterne magte nie. ✓✓
- Daar word gesê dat markte deur 'n "onsigbare hand" gelei word wat verseker dat pryse sodanig vasgestel word dat hulpbronne doeltreffend toegeken word. ✓✓
- In die afwesigheid van markte sou die een of ander regulerende liggaam moes besluit watter goedere geproduseer moet word, in watter hoeveelhede en teen watter prys. ✓✓
- In markte word hierdie besluit outomaties geneem. ✓✓

( Enige 2x4) **(8)**

3.5 **Onderskei tussen enige TWEE gemeenskaplike funksies van indifferensiekurwes.**

- **Indifferensiekurwes se helling is afwaarts.**
  Die helling van 'n indifferensie kurwe weerspieël waarteen die verbruiker bereid is om een item met 'n ander te vervang**.** ✓✓

- **Hoër indifferensiekurwes geniet voorkeur bo laer indifferensiekurwes.** ✓✓
  Verbruikers verkies gewoonlik meer van iets, eerder as minder daarvan. ✓✓

- **Indifferensiekurwes kruis/sny mekaar nie.** ✓✓
  Hulle raak ook nooit aan mekaar nie. ✓✓

- **Indifferensiekurwes buig inwaarts.** ✓✓
  Die helling van 'n indifferensiekurwe verteenwoordig die marginale substitusietoets. (MSK) ✓✓
  Die koers waarteen die verbruiker bereid is om een item in ruil vir 'n ander af te staan. ✓✓

(Enige 2x4) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks 2** |
| **Inhoud**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed(Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ’n grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks | **Maks 26**<br><br><br>**Maks 10** |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoër-orde gevolgtrekking moet insluit:<br>• ’n Kort samevatting van wat bespreek is sonder om feite te herhaal wat alreeds genoem is in die inhoud.<br>• Enige opinie of waardevolle mening op die feite bespreek<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ’n Teenstrydige standpunt met motivering, indien dit vereis word.<br>• Aanbevelings | **Maks 2** |
| **TOTAAL** | **40** |

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE

***“Markte is ’n verskynsel eie aan ’n ekonomiese stelsel wat uit private ondernemings bestaan.”***

- **Bespreek markstrukture volledig volgens die eienskappe:**
  ***Aantal produsente, aard van die produk, toetredeversperrings en beskikbaarheid van inligting.*** **(26)**

- **Verduidelik kortliks die voorwaardes waaraan goedere en dienste moet voldoen om geskik te wees vir handel op wêreldmarkte.** **(10)**

**[40]**

**Inleiding:**

Markte is waar alle kopers en verkopers die prys van goedere en dienste beïnvloed
Die gemeenskaplike eienskap van markte is dat daar interaksie tussen kopers en verkopers is.
(Aanvaar enige relevante antwoord) (Maks 2)

**Inhoud**
**Hoofdeel**

1. **<u>Die aantal produsente</u>**.
   - In sommige markte(Monopolie) is daar slegs een produsent van item of diens ✓✓
     <u>byvoorbeeld ,</u> Eskom is die alleenverskaffer van elektrisiteit in Suid-Afrika ✓
   - In ander markte (Volmaakte mark) is daar baie produsente van goedere of dienste. ✓✓
     <u>byvoorbeeld</u>, talle boere produseer vleis. ✓
   - Tussen hierdie twee uiterstes is markte waarin daar slegs 'n paar produsente van goedere en dienste is (Oligopolie). ✓✓
   - <u>Byvoorbeeld</u> , produsente van motors, skoene en koffie in Suid Afrika. ✓

2. **<u>Die aard van die produk</u>**.
   **<u>Goedere is homogeen (identies)</u>** ✓
   - Goedere wat in grootmaat geproduseer word, hulle dien dieselfde doel. ✓✓
   - Sodanige goedere is gewoonlik maklik om te produseer en dit veroorsaak dat groot getalle verskaffers om verkope meeding. (Volmaakte mark) ✓✓
   - Pryse word afwaarts gebie. ✓✓
   - Bv. koppies, borde, tandepasta en skoene, is gewoonlik homogeen. ✓

   **<u>Goedere is heterogeen (verskillend)</u>** ✓
   - Landbouprodukte is gewoonlik heterogeen, heterogeniteit word verkry deur dit te: ✓✓
     gradeer (soos tamaties), ✓
     te sorteer (soos eiers) en ✓
     te klassifiseer (soos wol). ✓
   - Sodanige homogeniteit maak dit makliker om die produk te verkoop. ✓✓

   **<u>Handelsname / Unieke produkte</u>** ✓
   - Verskaffers van massa-geproduseerde goedere gebruik dikwels *handelsname* (handelsmerke) om hul goedere uniek te laat voorkom en homogeniteit in heterogeniteit te omskep. ✓✓
   - Verbruikers is gewoonlik bereid om meer vir unieke goedere te betaal en laat in werklikheid 'n produsent toe om die alleenverskaffer te word. (Monopolie) ✓✓
   - So 'n verskaffer kan dan 'n hoër prys vra of baat deur groter volumes te verkoop. ✓✓
   - Bv. Coca-Cola.

3. **<u>Toetredingversperrings</u>**

- In sommige markte is daar toetredingversperrings wat nuwe produsente verhoed om tot die mark toe te tree en die goedere of dienste te begin verskaf.
- Die mark vir verskaffers van selfoondienste in Suid-Afrika dien as voorbeeld hiervan, aangesien produsente slegs tot hierdie mark kan toetree indien hulle ŉ lisensie het om die diens te verskaf. ✓✓
- Die regering beheer toegang tot hierdie mark✓✓ bv. deur lisensies uit te reik. ✓
- In hierdie voorbeeld kan ons sê die lisensie dien as toetredingversperring tot die mark. ✓✓
- In volmaakte markte en monopolistiese mededinging is daar vrye toetrede. ✓✓
- Monopolie is toetrede geblokkeer. ✓✓

4. **<u>Beskikbaarheid van inligting</u>**

- In sommige markte is daar volledige inligting oor die marktoestande. ✓✓
- Op die JSE is daar byvoorbeeld gedetailleerde inligting beskikbaar oor hoeveel aandele in ŉ gegewe tydperk verkoop is. ✓✓
- Die hoogste en laagste pryse wat vir ŉ gegewe aandeel aangebied en betaal is, en die prys wat betaal is vir die laaste aandeel wat by sluiting van handel verkoop is. ✓✓
- In ander markte moet produsente en verbruikers besluite neem wat op onvolledige inligting gegrond is. ✓✓

(As in tabelformaat beantwoord is, moet antwoorde in vol sinne wees vir 2 punte)
(Maks 8 punte vir opskrifte, sub-opskrifte en voorbeelde en Maks 18 vir inhoud)
(Maks 26)

**Addisionele deel**

- Daar moet ŉ wyd verspreide vraag wees, soos basiese lewensbenodighede. ✓✓
- Dit moet vervoer kan word, grond en geboue is onmoontlik om te vervoer, dienste word beperk deur afstand en arbeid is onbeweeglik. ✓✓
- Die vervoerkoste moet laag in verhouding tot die waarde van die goedere wees. ✓✓
- Dit moet duursaam wees, goedere wat vinnig bederf verg gespesialiseerde logistieke reëlings. ✓✓
- Toegang moenie beperk wees nie, deur regeringsinmenging. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Enige 5 x 2) (10)

**Gevolgtrekking:**

Kopers as ŉ groep bepaal die vraag en verkopers as ŉ groep bepaal die aanbod. Markte is gevestig deur die interaksie van kopers en verkopers. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante antwoord.) (Maks 2)

**[40]**

## VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE

***"Een van die maniere om armoede in Suid-Afrika te bekamp, is om minimumlone af te dwing".***

- **Ontleed hierdie stelling krities deur te verwys na die redes vir die implementering en die impak van minimumlone in Suid-Afrika. Verwys na die voordele en nadele van minimumlone in Suid-Afrika. (26)**

- **Met behulp van 'n goed benoemde grafiek, verduidelik die uitwerking van minimumlone op die arbeidsmark. (10)**

**[40]**

**Inleiding:**

Minimumlone is wanneer die regering jaarliks die samestelling en vlak van die lone vasstel en aanpas. Dit is 'n strafbare oortreding om nie dié lone te betaal nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 2)

**Inhoud:**
**Hoofdeel**

In 2002 is minimumlone in SA vir huiswerkers en plaaswerkers ingestel. ✓✓

**Redes vir implementering van minimumlone:**

- Dit is onregverdig dat mense te min verdien om 'n basiese lewenstandaard te handhaaf. / Om uitbuiting van laer besoldigde werkers te verhoed. ✓✓
- Elke Suid-Afrikaner behoort genoeg te verdien om in hulle basiese behoeftes te ka voorsien. / Dit kan verseker dat werkers genoeg geld kan verdien om 'n basiese lewenstandaard te handhaaf. ✓✓
- In 'n vryemarkstelsel word lone deur vraag en aanbod bepaal. ✓✓
- Dit gee geen waarborg dat werkers genoeg betaal gaan word sodat hulle nie onder die broodlyn sal leef nie. ✓✓
- In sulke omstandighede moet die regering inmeng en 'n minimumloon vasstel. ✓✓
- Self het hulle min bedingingsmag omdat daar 'n ooraanbod van arbeid is. ✓✓

**Uitwerking van minimumlone:**


- Die uitwerking van wetgewing op minimumlone is dat die lone van werkers wat werk het hoër is, maar dat sommige werkers hulle werk kan verloor.✓✓
- Die effek van minimumlone is om die loonvlakke te verhoog en gevolglik sal sommige werkers hulle werk verloor. ✓✓
- Wetgewing oor minimumlone dra by tot die probleem van werkloosheid en vererger gevolglik die omvang van armoede. ✓✓
- Minimumlone veroorsaak dat minder arbeiders in diens geneem word. ✓✓
- Minimumlone veroorsaak ŉ verhoging in produksiekoste. ✓✓
- Daar is ŉ ooraanbod van arbeid in die arbeidsmark ✓✓ / Hoeveelheid arbeid verskaf is groter as die hoeveelheid vraag. ✓✓
- Daar is ŉ risiko van hoër inflasie, omdat maatskappye hulle verkoopsprys moet aanpas by hoër lone. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord)

**Voordele:**
- Om mense aan te moedig om tot die arbeidsmag toe te tree. ✓✓
- Om die las op die staat om inkomste-ondersteuning te betaal, te verminder. ✓✓
- Om inkomste-ongelykheid te verminder deur die inkomste van huishouding met 'n lae inkomste op te stoot. ✓✓
- Om die uitwerking van diskriminasie deur werkgewers teen te werk. ✓✓

**Nadele:**
- Daar is 'n toename in werkloosheid weens die hoër loonkoste. ✓✓
- Sommige maatskappye se mededingendheid verminder weens die hoër vervaardigingskoste. ✓✓
- Vrye-mark ekonome glo dat 'n minimum loon die manier waarop die arbeidsmark funksioneer kunsmatig verwringing; hulle sou verkies dat loonvlakke deur die mark bepaal word. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 26)

**Addisionele deel**




***Die uitwerking van 'n minimum loon***

**Allokering van punte:**
- 1 punt vir benoeming van asse Lone/Hoeveelheid arbeid
- 1 punt vir nommering van asse
- 1 punt vir Vraag- en aanbodkurwe
- 1 punt vir toename in lone
- 1 punt vir afname in vraag na arbeid
- 1 punt vir toename in aanbod van arbeid

(Maks 6)

- Sonder regeringsinmenging is die loon by **L** en die hoeveelheid arbeid in diens geneem is by **H.** ✓✓
- Indien minimumlone by **L1** vas gestel word, sal die hoeveelheid arbeid wat in diens geneem word na **Q1** daal. ✓✓
- Die aanbod van arbeid sal verhoog van Q tot Q2 ✓✓
- Volgens die grafiek is daar minder arbeid in diens geneem nadat die minimumloon vasgestel is. ✓✓

(Maks 4)
**[10]**

**Gevolgtrekking:**

Dit wil voorkom of daar verskillende menings is ten opsigte van die instelling van minimumlone vir huiswerkers. Daar kan egter aanpassings gemaak word om 'n laer inkomste te verseker eerder as geen inkomste nie, deur korter werksure te onderhandel. ✓✓
(Aanvaar enige relevante antwoord.)

(Maks 2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**